Mediaverklaring

Matriek 2020: Die eindstreep is in sig!

2020/11/04

Aan die einde van ŉ jaar, wat gekenmerk is deur ŉ pandemie waardeur skole tot stilstand geruk is, kan die matriekgroep van 2020 uitsien na die laaste stel hekkies alvorens hulle hul toekoms aanpak.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) glo dat matrikulante gereed is vir die komende eindeksamen. Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die SOS, sê: “Voorbereiding vir matriekeindeksamen begin reeds in graad 10 en leerders kan, ten spyte van die vreemde jaar, steeds suksesvol wees as hulle deurlopend gewerk het.”

Die Raad vir gehalteversekering in algemene en verdere onderwys en opleiding (Umalusi), het vroeër gesê alhoewel hulle die groen lig vir die eksamen gee, hulle nie ten gunste was dat die standaard van die eksamen verlaag word nie. Die SOS ondersteun dié stelling ten volle en glo matrikulante verdien dat hul eksamen steeds geloofwaardig bly.

“Matriekleerders by skole regoor Suid-Afrika het, met hul onderwysers se hulp, self verantwoordelikheid geneem vir hul studies deur van Die Wolkskool en ander soortgelyke aanlyn leerplatforms, gebruik te maak,” sê Buys. Verskeie hoërskole het ook aangedui dat hul matrikulante vanjaar moontlik meer gereed is vir die eindeksamen as in vorige jare.

Die gekombineerde Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) begin op 5 November en die laaste vraestel sal op 15 Desember geskryf word. Die uitslae van die matriekeksamen word op 23 Februarie 2021 bekendgemaak. Volgens die Departement van Basiese Onderwys sal dié laat bekendmaking van uitslae nie matriekleerders se toelating tot hoëronderwys-vrystellings benadeel of beïnvloed nie.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is gerig op die versterking van Afrikaanse onderwys. Die SOS se Wolkskool bied ŉ volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 - 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za